# PLETTENBERGBAAI-NAWEEK 2021

| | | | |
|---|---|---|---|
| **ROETE:** | Robberg, Keurbooms- en Beacon Isle-Strand, Soutrivier, Wildernis | **DATUM:** | 6 tot 10 Augustus 2021 |

**KOMMENTAAR**

Ag stappers arriveer Vrydagmiddag by Keurbooms Lagoon karavaanpark waar ons vir die res van die langnaweek kuier en kamp. Saterdagoggend vertrek ons Robberg toe en stap die 9,3km roete met asemrowende uitsigte oor die see. Koffiebreek word geniet op die punt waarna die stap tegnies meer uitdagend word, maar met 'n paar helpende hande is ons gou om die punt en stap dan oor die strand na die eiland vir middagete. Ons pak die laaste skof aan tot by die motors, die asems blaas, en is ons bly om terug by die motors te wees. Sondag stap ons Keurboomsstrand maar moes ongelukkig na 2,7km omdraai a.g.v. wegspoel van grond wat dit onmoontlik maak om voort te gaan. Ons besluit dus om eerder op Beacon Isle-strand te stap en Steph trek strepe in die sand vir 'n wegspring en omdraai punt om ons 10,2km vir die dag te voltooi. Ons ry daarna tot by die Lookout restaurant en geniet heerlike vis. Teen die aand begin die weer te draai en Maandag reën ons Soutrivierroete se stap uit. Ons besluit om pizza te gaan eet by Nature's Valley. Terug by die kamp het dit opgehou reën en stap ons na die Mungo Mill toe en dwaal deur die winkeltjies by Old Nick's Village. Dinsdagoggend pak ons op en almal behalwe Steph, ry deur na Wildernis toe om al langs die treinspoor te stap na die Hippy grotte. Die grotte was 'n interresante besoek en het die meeste van ons heeltemal iets anders verwag. Ons stap daarvandaan weer terug na Wildernis oor die strand en geniet koffie en kaaskoek by die Green Shed. Ná lekker gesels stap ons terug motors toe en vertrek elkeen in 'n ander koers om die naweek nog 'n bietjie te rek. Die lekkerste behalwe die stappe was die heerlike samesyn saans rondom die vure waar groot stories gedeel is, vure hoog gebrand het en dit koud was maar die gesels en saamkuier was goed. Dankie aan almal wat die naweek saam met ons geniet het en Niel en Sharon vir die reëlings en stapleidiing. Total Elevation Gained = 452m

| STAPPER | LIDNOMMER | ADMINFOOI | KM | OPMERKING |
|---|---|---|---|---|
| NIEL VISSER | 2021053 | R 20 | 27 | |
| SHARON VISSER | 2021054 | R 20 | 27 | |
| KOBUS TERBLANCHE | 2021072 | R 20 | 27 | |
| EDNA TERBALANCHE | 2021073 | R 20 | 27 | |
| STEPH DU TOIT | 2021001 | R 20 | 22 | |
| ALANA JANSE VAN RENSBURG | 2021070 | R 20 | 27 | |
| KOOS STANDER | 2021100 | R 20 | 27 | |
| LYDIA STANDER | Nie-lid | R 40 | 18 | |
| | | | | |
| | **TOTALE:** | **R 180** | **202** | |

| | |
|---|---|
| **NOODHULPSAKKIES IS BESORG AAN:** | Eie sakkie |
| **ITEMS GEBRUIK:** | Geen |

| | |
|---|---|
| **VERSLAG DEUR:** | Sharon Visser |